**14 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 68**

**FOKUSGEDEELTE: PSALM 68:36**

## Prys God vir sy almag!

Wanneer God verskyn, is dit so ontsagwekkend dat ‘n ieder en elk vol vrees is. Dié wat Hom haat, is vreesbevange en spat uitmekaar; dié wat volgens sy Woord lewe, vrees Hom met lof en aanbidding. God wat sorg, is groot en lofwaardig.

Hy moet geprys word, want Hy doen vir die wat syne is wat Hy beloof het (vergelyk vs.1 met Num. 10:35)

- *Hy oorwin ter wille van die hulpeloses*. Hy is die Vader vir weeskinders en Beregter vir arm weduwees.
- *Hy dra sy volk en gee redding*. Geen mag kan teen Hom gereken word nie. Hierdie almag monster Hy ter wille van sy kinders

Vir hierdie oorvloedige gunsbewyse moet ons Hom prys. Dink daaraan dat Hy, dié magtige, Homself as ‘n hulpelose in Getsemane oorgegee het, dat Hy juis as ‘n verlatene die dood op Golgota oorwin het (hulpeloos en verlate soos weeskinders en weduwees)! Dáár het Hy die grootste magte ontwapen en magteloos gemaak om ons geestelike lewe in Hom te versterk. Nou sien ons Hom, die ontsagwekkende in elke beskerming, bord kos, beskutting, reën, ook vloed, droogte en wêreldmag wat val.

Vir ons is sy redding ontsagwekkend. Dit laat ons in ons hulpeloosheid ons skuiling in Hom vind. Met die gesindheid van hierdie psalm spring ek met my God oor ‘n muur.

Loof God met diep ontsag!

*Sing: Psalm 104:1, 20, 21* *Ds Jan Malan (Oudtshoorn)*